




Dendron

Tydskrif van die Dendrologiese Vereniging, die Boomkunde en Bewaringsvereniging van Suid-Afrika
Magazine of the Dendrological Society, the Tree Science and Conservation Society of South Africa

No/Nr: 48 November 2016



**KNOW YOUR
NEIGHBOUR**

**The Longpod Thorn or
False Paperbark Thorn**

**THE KATHU
BUSHVELD**

A LIVING LIBRARY



Sunland baobab. Photo Enrico Liebenberg

**“Wisdom is like a baobab tree;
no one individual can embrace it.”**

Nunya, adidoe, asi metunee o. (Akan and Ewe)

La science est le tronc d'un baobab qu'une seule personne ne peut embrasser (French)

Wisdom is like a baobab tree; no one individual can embrace it. (English)

~ Akan and Ewe (Benin, Ghana and Togo)

Explanation

This Ghanaian proverb which exists in different forms in many African languages can be applied to the vast treasure of African oral literature. As John Mbiti says concerning African proverbs: “One person cannot collect them all, cannot analyse them all, cannot put them all into their context and cannot use them all.” This metaphor also explains that human wisdom is so great that it would be presumptuous and arrogant of a single individual to claim to have mastered it all.

Living in harmony

Naas Grové

Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die mens en die natuur. Vir die mens, kan daar nie 'n bestaan sonder die natuur wees nie. As gevolg van sy ondeurdragte optrede, is die balans in die natuur versteur en is die pols van die menslike lewe wisselvallig. Lug en water word besoedel. Riviere is aan die opdroog. Seisoene is deurmekaar, daar is reënsiklusse sonder vasgestelde patrone. As dinge só voortgaan, stuur die mensdom af op 'n monumentale katastrofe.

Way back in the 1870s, an Italian geologist named Antonio Stoppani proposed that people had introduced a new era, which he labelled the *Anthropozoic*. Stoppani's proposal was ignored; other scientists found it unscientific. In September 2016 a British-led Working Group on the *Anthropocene* (WGA) told a geology conference in Cape Town that, in its considered opinion, the *Anthropocene* epoch began in 1950. This was the start of the era of nuclear bomb tests, disposable plastics, the human population boom and when human activities started to have a significant global impact on Earth's geology and ecosystems. The word combines the root "*anthropo*", meaning "human" with the root "*-cene*" the standard suffix for "*epoch*" in geological time.

The diversity of life forms on our planet have over the years developed many different forms of survival techniques. When it comes to plants, whether annual, perennial, herbaceous, woody or succulent the characteristics of the roots, stem and leaves are all adopted to survive the special conditions required for different circumstances. Drought-escaping plants will only grow when there is sufficient moisture available to sustain their life cycle and only the strongest plants will persist during times of water scarcity. Other plants have

the ability to restrict their growth activity to periods when moisture is available and typically will go dormant or die back when conditions are not suitable for new growth. *Xerophytes*, like the resurrection bush (*Myrothamnus flabellifolius*) have undergone many physiological and morphological adaptations to maintain their growth, even in extreme water stress conditions giving the impression that they are dead but still well alive. Continued survival requires adequate food production and this is the reason why the leaves and other parts of the spekboom (*Portulacaria afra*) can slow down the evaporation through transpiration during hot days and at the same time changes its physiological pathway by opening the stoma at night to absorb carbon dioxide.

Daar is nog vele meer ekologiese aanpassings by plante waar te neem soos afgelei kan word in Dr. Francois du Randt se artikel oor die westelike boreale woude wat die noordelike gedeeltes van Noord-Amerika, spesifiek Kanada en Alaska, bedek (bladsy 9).

Southern Africa (includes South Africa, Namibia, Botswana, Swaziland and Lesotho) has the richest temperate flora in the world and encompasses a rich floristic diversity of approximately 24, 000 taxa (species and infraspecific taxa) of 368 families, including more than 10% of the world's vascular plant flora on less than 2.5% of the earth's land surface area. Adjacent to South Africa, in Zimbabwe, the longpod thorn or false paperbark thorn, *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* occurs. The two varieties of *A. sieberiana*, namely, var. *woodii* and var. *sieberiana*, differ so significantly that even an amateur could distinguish the one from the other. Read more about the distinction between the two species in Marthinus Steyn's article on the longpod paperbark thorn (page 18).

Olywe is reeds tydens die vroeë Bronstydperk (tweede helfte van die 5de millennium VHT) in gebruik en daar is voldoende geologiese bewyse van die teenwoordigheid van stuifmeelkorrels, sade en hout van die olyf plante uit die era gevind. Vandag is daar meer as 2 000 gekultiveerde variëteite van die olyfboom wat kommersieel verbou word vir vrugte en olie.

Die Platland of Sunland kremetart het onlangs een van sy groot takke verloor en almal het vir 'n lang tyd hul asem opgehou oor die voortbestaan van die boom. Izak van der Merwe berig dat die fungus wat waarskynlik die oorsaak was vir die tak om te breek, gelukkig nie kwaadaardig is nie en behoort die boom gou te herstel.

In die Dendron van November 2015 is daar berig oor die toestand van die kameeldoringbome in die Kathuwoud. In hierdie uitgawe kan daar meer uitgevind word oor die toestand van die kameeldoring populasies, die veldkondisies,

sensiwiteit van die area en algehele bewaringstatus.

'n Antroposentriese vooroordeel weeg swaar op by die oorweging van "harmonie" in die natuur of in menslike sake. Ons het 'n neiging om dit óf te verhef óf af te speel as 'n veronderstelde natuurlike menslike ideaal wat in wese die mens se sentimentele verlange na vrede demonstreer. In teenstelling hiermee is 'n ekologiese siening glad nie 'n sentimentele benadering nie. Dit is 'n stelselsiening dat organismes, bevolkings en habitatte met wetenskaplike insig beskou en ontleed word ten einde dit te verstaan. Wanneer dit 'n stabiele sisteem is kan ons bepaal watter elemente verantwoordelik is vir die ontwinging van die balans in die natuur. Deur ons intelligensie en kennis te gebruik om die natuur beter te verstaan is konstruktief, maar dalk het ons nodig om die menslike natuur beter te verstaan!



Voorwoord..... 3
 Boomgroete..... 6

Tree Stories / Boomstories



Die Boreale Woude Van Die Wêreld..... 9
 >> Know Your Neighbour, The Longpod Thorn Or False Paperbark Thorn..... 18
 Die Olyfboom 23
 A Riverine Giant 29

Fokus / Focus



>> The University Of Pretoria's' Living Library:..... 33
 When A Giant Tree Collapses 39
 >> The Kathu Bushveld..... 42
Senegalia Montis-Salinarum, Newly Endemic Tree Species Of The Soutpansberg.. 50

In Memoriam / Obituary



Jutta von Breitenbach 52
 Cassie Carstens..... 56

BLY IN KONTAK / STAY IN TOUCH

Web: www.dendro.co.za
 Email: secretary@dendron.co.za
 Fax: **086 670 7715**
 Postal: **Postnet 2054, Private Bag 82234, Rustenburg, 0300**



Besoek ons ook op Facebook vir meer interaksie.
Find us on Facebook for more interaction.
www.facebook.com/DendroSA

VOORBLADFOTO / COVER PHOTO

Xylothea kraussiana - African-dogrose / afrikahondsroos
 Foto: **Naas Grové**



EDITOR / REDAKTEUR:

Naas Grové

LANGUAGE EDITING /

TAAL REDIGERING:

Naas Grové

LAYOUT / UITLEG:

www.roomfordesign.co.za

COVER PHOTO:

Naas Grové

PUBLISHER/UITGEWER:

**Dendrological Society of
South Africa**

**Dendrologiese Vereniging
van Suid-Afrika**

ADVERTISING / ADVERTENSIE:

secretary@dendro.co.za

MEMBERSHIP / LIDMAATSKAP:

secretary@dendro.co.za

Machell Kukhard

014 592 0634

ADDRESS / ADRES:

**Honorary Secretary/
Ere-Sekretaris**

**Postnet 2054,
Private Bag/ Privaatsak**

**82234
Rustenburg, 0300**

secretary@dendro.co.za

PHONE / FOON:

+(27) 82 575 4244

FAX / FAKS:

+(27) 86 670 7715

EMAIL / E-POS:

secretary@dendro.co.za

WEB:

www.dendro.co.za

ISSN : 1991-1539

“Do we Fit on the Planet?”

~ Naas Grové ~

Understanding how Small things add up to One Big Demand on our Planet

The accounting is simple: We currently have only one planet that supports life. The surface of the earth is about 125 billion acres (~50,585,705,280 ha). But since some is ice, desert and deep ocean, only about one quarter of it is productive (fishing grounds, forests, grazing land, crop land, etc.). With a world population of about 6.7 billion, this gives us roughly 5 acres (~2.02 ha) per person. That is the budget.

Source: *The Ecological Footprint and the Average American Family*, 2016. Mathis Wackernagel, Global Footprint Network

For more than 40 years, humanity's demand on nature has exceeded what our planet can replenish. We would need the regenerative capacity of 1.5 earths to provide the demand for ecological services we currently use. Everything we consume – from a fresh tomato from the farmer to the plasma TV screen in the living room – originates in material that comes from nature. The ecological footprint tallies all the resources it takes to support a person's or a population's lifestyle.

The simplest way to define ecological footprint would be to call it the impact of human activities measured in terms of the area of biologically productive land and water required to produce the goods consumed and to sequester the waste generated.

“Overshoot” (turning resources into waste faster than waste can be turned back into resources) is possible because we destroy forests and burn fossil fuels into carbon concentrations into the atmosphere. The consequences are diminished natural resource stocks and waste accumulating faster than it can be absorbed or recycled by the forests and the oceans.

How big is South Africa's Ecological Footprint?

The top 10 countries in Africa with the biggest Ecological Footprint per person are: Mauritius, Mauritania, Botswana, South Africa, Egypt, Namibia, Tunisia, Chad, Mali and Gabon. South Africa's footprint is the fourth largest in Africa, following Mauritius, Mauritania and Botswana. South Africa's reliance on fossil fuels, like coal for electricity is its largest contributor to our ecological footprint. These large carbon offsets make up to 55% of our total ecological footprint. Our Ecological Footprint in 2016 is 3.3 per person per global hectare (gha), compared to 2.59 per person / gha in 2014. One global hectare represents the average productivity of all biologically productive areas to produce food, fiber, timber, land and energy we use to live our lives on earth in a given year, measured in hectares. But South Africa's biocapacity to dispose, renew and supply is only 1.2 per person / gha, which leaves us with a biocapacity deficit of -2.2 / gha. So, we are living as if we have an extra planet at our disposal. The problem is there is no Planet B!

Die vraag na volhoubaarheid


Dit is baie duidelik dat die aarde nie ons huidige lewenstyl kan onderhou nie en dit laat ons met die vraagstuk of daar voldoende natuurlike hulpbronne vir toekomstige geslagte gaan wees? Hierdie is een van die belangrikste omgewingskwessies van vandag. Ons is afhanklik van die natuur vir kos, medisyne, water, energie, suurstof, afvalverwerking en ander lewensbedreigende ondersteuningsdienste. Volhoubaarheid impliseer dat ons nie ons hulpbronne vinniger in afval sal verander as wat die natuur dit kan herwin nie. Die drastiese afname in die welstand van ekologiese stelsels bedreig almal se welstand. Ons kan voortgaan om die aarde se beperkte ‘begroting’ te oorbestede en toelaat dat toekomstige geslagte ons skuld betaal, of ons kan elkeen iets daaromtrent doen.

Beskerming van die omgewing is die derde primêre pilaar van volhoubaarheid. Dit bepaal hoe ons met integriteit ons ekosisteme, luggehalte en natuurlike hulpbronne benut, beskerm en bewaar. Ons almal weet wat om te doen om die omgewing te beskerm, van die oordeelkundige ontginning van natuurlike hulpbronne, die plant van bome tot die herwinning van afvalstowwe en die vermindering van ons elektriese kragverbruik.

Ten slotte, moet ons die konsep dat die natuur sekere regte het erken en dat ons as mense slegs die rentmeesterskap van die wêreld het. Daarom moet ons aan die voerpunt staan van die oplossings vir die globale omgewingskwessies, ter wille van ons eie selfbehoud. Volhoubare lewe beteken om steeds in die noodsaaklike stel behoeftes vir lewe te kan voldoen, sonder om die nageslag te benadeel. Ons het immers nie die aarde by ons ouers geërf nie, maar leen dit by ons kinders!

Naas Grové

President
president@dendro.co.za



boomstories
tree stories

DIE BOREALE WOUDE VAN DIE WÊRELD

Francois du Randt

Ek was baie bevooreg in my lewe om heelwat te kon reis, grootendeels “werkende vakansies”, maar ook gestimuleer deur my intense belangstelling in die natuur, en veral die bome en plante van die natuur. Jare se belangstelling het natuurlik ook my selfverworwe kennis verbreed en dikwels was ek spyt dat ek nie maar meer in my “stokperdjie” gestudeer het as in my beroep nie – maar was ek regtig spyt?

Een van grootste voorregte wat ek gehad het, was ‘n drie jaarlange besoek aan die noordelikste deel van Saskatchewan, Kanada, en ‘n klein nedersetting, bekend as Uranium City. Ek het die laaste florerende jare in hierdie wonderlike Kanadese gemeenskap beleef en omdat die plaaslike hospitaal moes skuif na ‘n ander, minder wonderlike, gemeenskap, het ek ook besluit om terug te keer na ons eie boomryke land.


Uranium City het ontstaan weens die ryke goudveld en meegaande radium neerslag. Die eerste ontwikkeling van die goudmynbedryf was deur die Eldorado Goudmyn Maatskappy in 1926, met radium-draende konsentraat as ‘n byproduk. Die hoof Beaverlodge neerslag is eers in 1947 ontdek en uraan verryking het in die absolute geheim voortgegaan vir die gebruik van die Manhattan Projek om die atoomboom te ontwikkel. ‘n Magdom uraanmyne

het ontstaan en daar was ‘n groot vraag na uraan aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Met die toestroming van eksplorieerders het ‘n floreende gemeenskap ontstaan, bekend as *Uranium City*, “*The Uranium Capital of the World*”, aan die oewers van die pragtige *Lake Athabasca* en hordes ander mere.

In 1981 het Eldorado Nuclear aangekondig dat hulle die laaste myn in die gebied gaan sluit en het die inwoners van 5000 verminder na 800. Hiermee saam het menige besighede, en selfs ‘n nuut-geboude hoërskool gesluit. Met die sluiting van die hospitaal in 2003 het Uranium City verander in ‘n spookdorp!

Die ongelooflike prag van Uranium City het nooit gelê in sy ryke geskiedenis en sy mense nie, maar in ‘n natuurskoon wat jy op bitter min ander plekke in die wêreld sal opspoor. Ek was bevooreg om die redelik klein getal boom- en plantspesies vinnig te leer, en daarmee saam die ongelooflike voëllewe, veral waterliewende trekvoëls. Vinnig het my kennis uitgebrei en het ek geleer wat beteken “boreale woude”!

In wese is die boreale woude sirkumpolêr en word vir alle praktiese redes verdeel in westelike en oostelike boreale woude. Die westelike boreale woude bedek die noordelike gedeeltes van Noord-



Boreale woude (in groen)

Amerika, spesifiek Kanada en Alaska. Die oostelike boreale woude bedek weer die noordelike gedeeltes van Europa en Asië, meer spesifiek Skandinawië, Duitsland, Poland, Rusland en Siberië. Sommige boeke beskryf boreale woude met die term "taiga", maar daar is tog 'n weselike verskil.

In Noord Amerika strek hierdie woude skuins suidooswaarts vanaf Sentraal en Suid-Alaska oor die Northwest Territories, Saskatchewan en noordelike Manitoba. Noord van die boreale woude kry ons die sogenaamde boomlyn ("tree line"), maar die noordelike gedeeltes van hierdie woude is meer tereg beskryfbaar as "taiga", wat eintlik beteken "sticks". Hierdie bome is letterlik kort en verder uitmekaar, en staan soos regop stammetjies. Noord van die "taiga" kry ons die tundra, wat basies boomlose vlaktes, of 'n yswoestyn verteenwoordig. Suid van die boreale woude in Noord Amerika is Aspen Parkland, 'n oorgangsona na die "prairies". Die Noord Amerikaanse boreale woude beslaan meer as 60% van Kanada en Alaska. Uranium City is ongeveer 100 kilometer suid van die tundra, of boomlyn.

Die meeste boomspesies van die westelike boreale woude behoort aan die Gymnospermae, naak-sadiges, of konifere. Vier Gymnospermae is baie prominent, naamlik die Black Spruce (*Picea mariana*),

die White Spruce (*Picea glauca*), die Jack Pine (*Pinus banksiana*) en die struikagtige Common Juniper (*Juniperus communis*).

Die twee "spruces" is redelik maklik om uit te ken, veral in Uranium City se omgewing. Hulle het naaldvormige, enkelvoudige blare, en die blare kom nie in klossies uit soos by die denne nie. Die Jack Pine het klossies van twee blare elk, m.a.w. die blare is in groepies saam gegroeper by een knoop. Die Jack Pine het klein, transvers-hangende konusse. Die Black Spruce het kort blaartjies, 10 tot 15 mm lank, en het klein ovaalvormige konusse, 15 tot 25 mm lank. Die konusse het bros skubbe wat 'n growwe buite rand vorm. Die White Spruce, daarenteen, het langer blaartjies, 25 mm lank, en hierdie blaartjies sit meestal aan die bokant van die takkies. Die ovaalvormige konusse is 25 tot 60 mm lank en het dun skubbe met 'n gladde en ronde rand.

Die Juniper is maklik om uit te ken, en is meestal 'n laaggroeiende struik. Dit laat jou dink aan Suid-Afrika se bergsipres, *Widdringtonia nodiflora*.

Die Angiospermae word verteenwoordig deur 'n hele paar spesies wilgers, almal deel van die Salicaceae familie. 'n Paar spesies is die Bebb Willow (*Salix bebbiana*), die Scouler Willow (*Salix*



Die White Spruce (*Picea glauca*)



Die White Spruce (*Picea glauca*)



Die Black Spruce (*Picea mariana*)



Die Jack Pine (*Pinus banksiana*)



scauleriana), die Pacific Willow (*Salix lasiandra*) en die Sandbar Willow (*Salix exigua*). Die Bebb Willow het dowwe groen, harige blare. Die Scouler Willow het sagte, fyn blaartjies. Al die *Salix* spesies se blare is langwerpig.

Twee populiere kom voor, een *Birch*, en een *Alder*. Die Balsam Poplar (*Populus balsamifera*) het kenmerkende blare en bevat baie taai okselknoppe. Sy blare lyk baie soos die van die Black Cottonwood (*Populus trichocarpa*) wat in Olympic Nasionale Park voorkom. 'n Baie algemene boom is die Quaking Aspen (*Populus tremuloides*) met sy groen-wit stam en ronderige blare. Twee lede van die *Betulaceae*, of Birch familie kom voor, naamlik die *Paper Birch* (*Betula papyrifera*), met sy rooi peule, en die *Thinleaf Alder* (*Alnus tenuifolia*). Hierdie spesies word beskou as breë-blaar boomspeesies.

Heelwat bessiespesies kom voor, maar is meestal struike, of laaggroeiende plante.

Natuurlik kry ons heelwat meer boomspeesies in ander dele van die boreale woude, soos die *Lodgepole Pine* (*Pinus contorta* var. *latifolia*) en die *Balsam Fir* (*Abies balsamea*).

In teenstelling met Kanada kry ons weer die reuse uitgestrekte land van Alaska. Die motto van Alaska is "*North to the Future*". Wat 'n ongelooflike landstreek! 'n Ware wildernisgebied, hoofsaaklik bedek met boreale woude.



Die Balsam Poplar (*Populus balsamifera*)




Die Common Juniper (*Juniperus communis*) met vrugte

Die Thinleaf Alder (*Alnus tenuifolia*)



Die Mentasta berge (deel van die Alaska Range)



Die Tamarack of Larch (*Larix laricina*)



Die Paper Birch (*Betula papyrifera*) in sy herfskleure



Die reusagtige sentrale kern van Alaska met sy reuse bergpieke, soos Mount McKinley, vorm die "binneland" van Alaska. Ekologies bestaan dit uit noordelike boreale woude tussen honderde mere, baie soortgelyk aan die Uranium City omgewing en die noordelike gedeeltes van Saskatchewan en North West Territories. Noord van die boreale woude is die area bekend as "The Bush", die tundra van Alaska, met sy onherbergsame en afgeleë Inuit gemeenskappe. Die Brooks bergreeks en die Arktiese vlaktes eindig teen Prudhoe Bay, die rykste olieveld in Alaska.

Die mees noordelikste dorp in Alaska, wat ook die mees noordelikste dorp in die V.S.A is, is Barrow. Dit is geleë aan die Beaufort Sea en Arktiese Oseaan. Barrow is verder noord as die 71° breedtelyn en het ongeveer 65 dae volledige sonskyn in die somer, met natuurlik die teenoorgestelde in die winter.

Suidoos-Alaska en Suidsentraal-Alaska val in die sogenaamde "Ring of Fire and Ice" met sy massiewe vulkane, beide dormant en aktief, en reuse gletsers. Suidoos-Alaska se "panhandle" strek suidwaarts teen die Golf van Alaska na British Columbia, en word bedek deur gematigde reënwoude, nog 'n baie interessante boomhabitat.

Aan die teenoorgestelde kant van ons wonderlike planeet, lê die uitgestrekte oostelike boreale woude, wat die noordelike gedeeltes van Europa, Skandinawië en Siberië bedek. Die klimaat is min of meer dieselfde as in Noord Amerika, maar tog is daar minder boomspesies, waarskynlik weens die groter oseaan-oppervlaktes wat grens aan Noord-Europa.

Daar is 'n groot getal alpyense plantspesies in Noorweë, wat nie warm somers kan hanteer nie en wat die koue winters verkies. Kortliks word die vegetasie sones in Noorweë verdeel in nemorale en boreonemorale ekosones, boreale woude en tundra. Die boreale woude word verdeel in suidelike, sentrale en noordelike boreale woude.

Die nemorale ekosone is meer gematig en bestaan hoofsaaklik uit eikeboomspesies. Die boreonemorale, of hemiboreale, ekosone is 'n mengsel van nemorale en boreale woude. Die grootste sone is derhalwe die boreale woude, aangepas vir die lang en koue winters, met prominente waterbedekte areas en mere. Die mees prominente boomspesies is die *Norway Spruce* (*Picea abies*) en die *Scots Pine* (*Pinus sylvestris*). Ander spesies sluit in *Birch*, *Aspen*, *Rowan*, *Bird Cherry* en *Grey Alder*. Die onderbos is goed ontwikkel.



Magdalenefjord, Spitsbergen

Die boomlyn in Noorweë bestaan hoofsaaklik uit konifere en klein-blaar bladwisselende bome, soos *White Birch* (*Betula pubescens*). Laasgenoemde tipe boomlyn kry ons ook in Ysland en die Kamchatka Skiereiland in Siberië.

Die tundra, ook bekend as die "*Alpine Tundra*", is algemeen in Noorweë en beslaan 32% van die land se oppervlakte, uitgesluit Svalbard (Spitsbergen) en Jan Mayen eilande. Die gedeelte naaste aan die boomlyn bestaan hoofsaaklik uit wilgers, soos *Salix glauca*, *Salix lanata* en *Salix lapponum*, asook *Blueberry*, *Common Juniper* en *Twinflower*. Hierdie gedeeltes is tradisionele somer weidingsgebiede.

Verder noord is meestal net mosse en "*lichens*", met kaal rotse, sneeu en gletsers. Svalbard (Spitsbergen) en Jan Mayen is veral bedek met tundra. Onder die "*permafrost*" kry ons dikwels genoeg vogtigheid vir struikgewasse, soos *Dwarf Birch*, *Cloudberry*, *Svalbard Poppy* en *Harebell*.

Longyearbyen is die 'hoofstad' van Svalbard (Spitsbergen), en ook die wêreld se mees noordelike stad. Dit is effektief die enigste dorp in Svalbard. Dit is gestig deur die Amerikaner, John Longyear, in 1906. Hy het die "*Arctic Coal Company Mining Operations*" begin. Vandag is die myn steeds aktief. Die grond in Longyearbyen is permanent gevries, 10 tot 40 meter diep. Dit staan bekend as "*permafrost*". Al die

geboue is gebou op stilte. Dit is onwettig om 'dood te gaan'. Die begraafplaas het meer as 70 jaar gelede opgehou om nuwe grafte te graawe, omrede die lyke nooit ontbind weens die ysgrond nie.

Daar is ongeveer 3000 ysbere in, en om, Svalbard en dit is verpligtend om 'n geweer te dra as jy buitekant Longyearbyen rondloop. Die son sak permanent op 25 Oktober en kom weer op 8 Maart op. Gedurende hierdie week in Maart met die eerste sonlig vir die jaar, is daar 'n week-lange feesviering, bekend as solfestuka.

Die middernagson, daarenteen, is sigbaar vanaf 19 April tot 23 Augustus en die eilande is bedek met sneeu tussen November en Maart. Die populasie in 2008 was 'n totaal van 2040 persone.

Ny lesund is geleë by 78° 55' Noord, een van die wêreld se mees noordelike jaarlank gemeenskappe. Dit is verder noord as Longyearbyen. Dit was oorspronklik 'n steenkoolmyn gemeenskap, maar het nou 'n hoogs gevorderde Arktiese Navorsingstasie geword. Die arktiese wêreld is absoluut fassinerend.

Verwysings:

- GRACIE, GILL. 1982. The history of Uranium City and District. Lakeland Press Ltd., La Ronge, Saskatchewan.
- WHITE, John, WHITE, Jill, WALTERS, S.M. 2005. Trees. A Field Guide to the trees of Britain and Northern Europe. Oxford University Press, Oxford.
- JOHNSON, D., KERSHAW, L., MACKINNON, A., POJAR, J. 1995. Plants of the Western Boreal Forest & Aspen Parkland. Lone Pine Publishing, Edmonton.

Pinus sylvestris



KNOW YOUR NEIGHBOUR, THE LONGPOD THORN OR FALSE PAPERBARK THORN

Marthinus Steyn

This quite attractive tree with its impressive giant pods, is botanically known as *Acacia sieberiana* var. *sieberiana*, or according to the latest accepted classification, as *Vachellia sieberiana* var. *sieberiana*. In this contribution historical perspectives make it difficult to exclude the designation *Acacia*. The traditional treatment of our tree as a member of a broadly defined *Acacia* is therefore retained for the purpose of this article. The aim of this contribution is to confirm the wider presence of the longpod thorn in southern Africa (Steyn 2007), and the need for it to be taken up in the list of trees native to the Flora of Southern Africa (FSA) region.

From a historical perspective

Discussions concerning the taxonomic status of *Acacia sieberiana* have prevailed sporadically over the years. One might start at the time when there was some confusion about the relationship between *Acacia sieberiana* and *Acacia rehmanniana*. *Acacia rehmanniana* was described as early as 1898 (Keay & Brenan 1950). Roberty in 1948 had the notion that there could be a taxon called *Acacia sieberiana* var. *rehmanniana* which was illegal, as he regarded it as a synonym for *Acacia sieberiana* var. *villosa*, a West African species which was described earlier (1927) and therefore enjoyed priority as the correct name (Keay and Brenan 1950).

Burt Davy described *Acacia sieberiana* var. *woodii* as a taxon in 1922 (Keay & Brenan 1950). Subsequently, four varieties of *Acacia sieberiana* have been recognised, namely var. *villosa*, var. *woodii*, var. *sieberiana* and var. *vermoesonii*. *A. sieberiana* var. *villosa* is considered West African, the other three varieties occur in East and West Africa and further south. *A. sieberiana* var. *sieberiana* is mentioned by Coe & Beentje (1991) with regard to the *Acacia* species of Kenya. Both var. *sieberiana* and var. *woodii* occur in Kenya although distribution patterns for the

two varieties are not given.

Brenan (1959) suggested the following identification key to the varieties of *Acacia sieberiana* occurring in East Africa and further south:


- Young branchlets glabrous or nearly so; branches of crown usually ascending var. *sieberiana*
- Young branchlets ± hairy, usually densely so; branches of crown usually widely-spreading:
- Indumentum of branchlets usually neither markedly golden or villous var. *vermoesonii*
- Indumentum of branchlets normally villous and markedly golden, especially when young var. *woodii*

Acacia sieberiana var. *vermoesonii* was originally collected in the Congo (DRC) by F. Vermoesen. Its very similar growth form with that of var. *woodii* and very slight difference in indumentum has resulted in the re-evaluation of its taxonomic status. Brenan (1959) even made the suggestion that var. *vermoesonii* and var. *woodii* could be the same taxon in that they differ to such an extent from var. *sieberiana* that they might be considered a separate species, namely *Acacia nefasia*. Subsequently var. *vermoesonii* was synonymised with var. *woodii* by Ross (1977), a decision that has been widely accepted. It can therefore be removed from the southern African equation.

From a South African perspective

The paperbark thorn, *Acacia sieberiana* var. *woodii*, is well-known to South African tree enthusiasts. The longpod thorn or false paperbark thorn, *Acacia sieberiana* var. *sieberiana*, may prove to be noteworthy as it occurs in the countries adjacent to South Africa. Hutchinson & Dalziel (1958) refer to it as follows: 'A tree up to 70 ft. high, usually with a rather short, thick bole and wide, spreading, more

Acacia sieberiana var. sieberiana In Southern Africa



The table below will help to compare the two varieties. Accompanying photographs support the data.

DIFFERENCES	VAR. WOODII	VAR. SIEBERIANA
Crown	Widely spreading	Ascending, rounded.
Branchlets	Villous and markedly golden	Glabrous or nearly so
Bark of stem	Pale grey to buff, papery and flaking, becoming less flaky with age.	Brownish, uneven, fragmented, not papery.
Branches	Bark structure persists. Papery.	Bark comes off in chunks to reveal a very striking yellowish layer.
Leaves	<i>Pinnae</i> average 23, leaflets 30. Leaflets about 5.0 mm long, 1.0 mm wide mm. <i>Rachis</i> and <i>rachilla</i> hairy.	<i>Pinnae</i> average 14, leaflets 30. Leaflets about 5.5 mm long, 1.2 mm wide. <i>Rachis</i> with very few hairs.
Pods	Hairy when young, becoming less hairy towards maturity. Up to 150 mm long.	Glabrous, very large, up to 250 mm long.
Inflorescences	Cream coloured, fluffy balls. Involucrel present.	Cream coloured, fluffy balls. Involucrel absent (apical).

or less rounded crown; bark pale greenish-yellow with small grey-brown exfoliating scales; spines long, straight, white; flowers cream or white; fruit brown.'

The two varieties of *A. sieberiana*, namely, var. *woodii* and var. *sieberiana*, differ so significantly that even an amateur could distinguish the one from the other. However, historically the two have often been confused. Some see them as 'forms' of the same variety, others make no distinction between the two, while some negate the occurrence of *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* in southern Africa.

South Africa

Acacia sieberiana var. *sieberiana* has not yet been recorded in South Africa. The only known and documented variety is *A. sieberiana* var. *woodii* (Smit 1999).

Zimbabwe

Timberlake et al. (1999) stated that both 'forms' of *Acacia sieberiana* have been recorded in Zimbabwe and that the 'round-topped form with the more yellow bark on the branches' occurs at lower altitudes along large rivers and occasionally in the central watershed. A note is added that 'All southern African populations of *A. sieberiana* have been classified as var. *woodii* (Burt Davy) Keay & Brenan.' *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* was photographed by the author in 2007 as per accompanying photographs from a number of specimens that occur on the Beit Bridge – Masvingo road, beyond Ngundu Halt (195 km from the Beit Bridge side). The Flora of Zimbabwe website positively recorded two recent identifications in 2013 (Malilangwe Wildlife Reserve) and in 2014

(Dingangombe near Hwange). The presence of *Vachellia sieberiana* var. *sieberiana* has now been firmly established in Zimbabwe.

Namibia

Acacia sieberiana var. *sieberiana* has not been recognised in Namibia in the past. Palmer & Pitman (1972) referred to the taxon *Acacia sieberiana* (without reference to varieties) as 'with a rounded but usually with a flat spreaded crown.' No mention is made of var. *sieberiana* in Carr (1976), Craven (1999), Germishuizen & Meyer (2003), Curtis & Mannheimer (2005) and Van Wyk et al (2011). Van Wyk & Van Wyk (1997) show *Acacia sieberiana* as a taxon, its distribution covering Namibia, the description clearly favouring var. *woodii*, further stating: 'All material from southern Africa belongs to var. *woodii*.'

A number of herbarium specimens of *Acacia sieberiana* collected in Namibia were assigned to var. *woodii*, despite the fact that they clearly show features of var. *sieberiana*, namely inflorescences without involucels, very long pods, yellowish branches and relatively few pinnae. The logical conclusion is that all *Acacia sieberiana* trees were uncritically assumed to be *Acacia sieberiana* var. *woodii*. Accompanying photos of *Acacia sieberiana* kindly provided by C. Mannheimer and B. Curtis, show the typical ascending, rounded crown of *Acacia sieberiana* var. *sieberiana*. They state that the *Acacia sieberiana* that they came across have the yellow bark and the generally rounded rather than flat crown. The present author has also come across



***Acacia sieberiana* trees in Namibia**

Vachellia sieberiana* (DC.) Kyal. & Boatwr. var. *sieberiana[= *Acacia sieberiana* DC. var. *sieberiana*]

FSA186.9

English:	longpod thorn, false paperbark thorn
Afrikaans:	langpeuldoring
*Herero:	omuhengehenge, omunyere, omuryangava, orupunguya
*Lozi:	mukate, mutubatuba
*Manyo:	muhengeva
*Mbukushu:	mughombe
Sena:	n'ghunga
*Tswana:	more-o-mosetlha
*Wambo:	ehaluveya, muhengeva, omeyele, omuye

*Names in these languages were usually attributed to *Vachellia sieberiana* var. *woodii* (e.g. by Van Wyk *et al.* 2011), but they most probably apply to *V. sieberiana* var. *sieberiana*, as the latter is the exclusive or prevailing variety in those parts of Namibia and Botswana where these languages are spoken. The application of common names hitherto attributed to *V. sieberiana* var. *woodii* in other regional languages spoken in Zimbabwe and Mozambique, should be treated with caution.

similar trees in east-Caprivi. The important point is that *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* does occur in Namibia.

Mozambique

In a list of *Acacia* species for Mozambique compiled by the Wageningen Agricultural University in the Netherlands (De Koning 1993), *Acacia sieberiana* is listed as a taxon without reference to any variety.

Coates Palgrave (2002), makes mention of a specimen of *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* that was recorded near Beira in Mozambique. Its occurrence in the Gorongosa National Park is mentioned in the Flora of Mozambique website.

Botswana

Setshego & Venter (2003), in their checklist of Botswana trees, list only *Acacia sieberiana* var. *woodii*. Roodt (1998) deals with *Acacia sieberiana* as a species without referring to varieties. She, however states: 'the large pod (more than 20 cm long) distinguishes it from other acacias'. Timberlake (1980) writes about

Acacia sieberiana var. *woodii*: 'A distinctive tree with its yellowish underbark and massive pods' Both Roodt and Timberlake mention properties that are diagnostic of *Acacia sieberiana* var. *sieberiana*. A number of herbarium specimens by kind courtesy of the National Herbarium (PRE), SANBI, Pretoria, labelled *Acacia sieberiana* var. *woodii*, all indicate var. *sieberiana* features, namely inflorescences without involucels and long pods approaching 200 mm. All this point to the presence of *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* in Botswana.

Conclusions

For many years the *sieberiana* variety of *Acacia sieberiana* has escaped recognition in southern Africa. *Acacia sieberiana* is often referred to as a taxon with the implication that it is var. *woodii*. Others simply refer to 'forms' of *Acacia sieberiana*, or negate the occurrence of var. *sieberiana* in southern Africa. The breakthrough came in 2002 with its recognition in Mozambique by Meg Coates Palgrave. In 2007 its presence in Zimbabwe was recorded and photographed by the author (Steyn 2007) and its

occurrence by deduction and personal observation in Botswana and in Namibia (mainly the present contribution). The obvious confusion in Botswana and Namibia concerning the different varieties of *Acacia sieberiana* makes one to suspect that all trees in these two countries may well be var. *sieberiana* and that var. *woodii* does not occur there!

Perhaps specimens of *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* lurks somewhere near the Limpopo River in the northeastern corner of South Africa, waiting to be discovered.

When called the 'false paperbark thorn' one almost feels that this degrading designation is not appropriate! *Acacia sieberiana* var. *sieberiana* is as distinct as any other *Acacia* species. Apparently, in the world of the trees there appears to be discrimination—not by trees amongst themselves,

but by the humans moving amongst them! Next time when travelling across South Africa's borders watch out for the real—not the false—longpod thorn!

Watch out for the paperbark thorn—it is also very real! A prick on the hand by a spine is often inflammatory after extraction because short hairs are rubbed off and stay behind (personal experience).

Acknowledgements

I am indebted to the very helpful staff of the National Herbarium, Pretoria, in providing scanned images of herbarium collections as well as assisting with other queries and requests. My sincere thanks to Dr. Jacques van Heerden and Prof. Braam van Wyk for their very valuable advice in the structuring of this article and to Me Coleen Mannheimer for her valuable contribution from Namibia.

References

- Brenan, J.P.N. 1959. Leguminosae, subfamily Mimosoideae. In: Hubbard, C.E. & Milne-Redhead, E. (eds), Flora of Tropical East Africa. Crown Agents for the Colonies. London.
- Carr, J.D., 1976. The South African Acacias. Conservation Press, Johannesburg.
- Coates Palgrave, M. 2002. Keith Coates Palgrave Trees of Southern Africa. 3rd edition. Struik Publishers, Cape Town.
- Coe, M. & Beentje, H. 1991. A Field Guide to the Acacias of Kenya. Oxford University Press, New York.
- Craven, P. (ed.) 1999. Checklist of Namibian Plant Species. Southern African Botanical Diversity Network Report No. 7 SABONET, Windhoek, Namibia.
- Curtis, B & Mannheimer, C. 2005. Tree Atlas of Namibia. The National Botanical Research Institute, Windhoek.
- De Koning, J. 1993. Checklist of Vernacular Plant Names in Mozambique. Wageningen Agricultural University, Wageningen.
- Flora of Mozambique website: http://www.mozambiqueflora.com/speciesdata/species.php?species_id=180570 (accessed 20 February 2016)
- Flora of Zimbabwe website: http://www.zimbabweflora.co.zw/speciesdata/species.php?species_id=180570 (accessed 20 February 2016)
- Germishuizen, G. & Meyer, N.L. (eds) 2003. Plants of Southern Africa: an Annotated Checklist. Strelitzia 14. National Botanical Institute, Pretoria.
- Hutchinson, J. & Dalziel, J.M. (revised by Keay R.W.J.) 1958. Flora of West Tropical Africa. Crown Agents. London.
- Keay, R.W.J. & Brenan, J.P.M. 1950. *Acacia sieberiana* DC. var. *villosa*. In: Tropical African Plants: XXI. Kew Bulletin 5(3): 364-366.
- Palmer E. & Pitman N. 1972. Trees of Southern Africa (3 volumes). A.A. Balkema, Cape Town.
- Roodt, V. 1998. The Shell Field Guide Series Part 1. Trees and Shrub of the Okavango Delta. Medicinal Uses and Nutritional Value. Shell Oil Botswana (Pty) Ltd.
- Ross, J.H. 1977. A Conspectus of the African *Acacia* Species. Botanical Research Institute. Department of Agricultural Technical Services, Pretoria.
